# Lesing 19 - 27 November 2025 - Die Dogter van Sion, restoureerders van die Skrifte

### Joshua 6

os 6:1 MAAR Jérigo het die poort gesluit en gesluit gehou vanweë die kinders van JisraEl; **niemand het uit - of ingegaan nie.**
6:2 Toe het JaHWeH vir JeHôWshua gesê: Kyk, Ek gee Jérigo met haar koning en dapper dapperes in jou hand.
6:3 Julle moet dan om die stad trek, al die krygsmanne; trek die stad een maal om; so moet jy doen ses dae lank.
6:14 So het hulle dan op die tweede dag die stad een keer omgetrek; daarna het hulle in die laer terug-gekom. So het hulle ses dae lank gedoen.
6:15 Maar op die sewende dag het hulle vroeg klaargemaak toe die rooidag uitkom, en die stad volgens Reg sewe maal omgetrek; net maar dié dag het hulle die stad sewe maal omgetrek.
6:16 En toe die priesters die sewende keer op die ramshorings blaas, sê JeHôWshua vir die volk: Skreeu! want JaHWeH gee die stad aan julle oor.
6:17 Maar die stad met al wat in haar is, moet opgedra word aan JaHWeH; net Ragab, die herbergier (hoer), mag lewe, sy en almal wat by haar in die huis is, omdat sy die boodskappers wat deur ons gestuur was, weggesteek het.

### Die opening van die Gilgal Klipwiel op 15 Julie 2017

Vir sewe voorafgaande dae is om die Gilal ossewawiel gestap, Nuwe Gelofte is gelees, en die seen is uitgespreek. Op die sewende dag, wat 'n Sabbat was, was daar ongeveer 400 mense teenwoordig by die opening van die Wiel. Ons het 7 maal omgestap, die Gelofte afgelê, en die seën uitgespreek oor die hele geestelike en natuurlike Jerigo, wat die huidige wêreldmag voorstel waaronder elke mens vasgevang is. Daar is 'n lesing gehou, daar is gesing en gesamentlik gebid. Die dag was gekenmerk deur 'n waarlik gewyde atmosfeer van 'n bewuswording van 'n heilige teenwoordigheid, wat ons nie met ons fisiese oë kon sien nie, maar met ons gees kon aanvoel.

### Die verband en samevoeging van die Bloedrivier-, Paardekraal– en die Gilgal Gelofte

Op 13 Desember 1880 het die Boere van Transvaal en die Vrystaat spontaan opgetrek na Krugersdorp en wel na die Paardekraal terrein waar hulle 'n klipstapel gepak het met klippe vanaf hulle eindomme. Daar is die 1838 Bloedrivier Gelofte afgelê tesame met 'n nuwe Boere Paardekraal Gelofte. Dit was net voor die aanvang van die Eerste Vryheidsoorlog waar die Boere wonderbaarlike oorwinnigs oor die Engelse behaal het waarvan die Slag van Majuba sekerlik die bekendste slagveld was. Die wonder-oorwinnigs by Bloedrivier en Paardekraal het duidelik die Hand van ons Hemelse Vader getoon in ons volk. Die volk het redelik getrou hierdie geloftes afgelê op die aangewese dag van die jaar. Maar dit is nie genoeg nie, die volk moes die Gelofte lewend gemaak het in gees en waarheid. Dit kon slegs gebeur indien die volk die innerlike geestelike betekenis van die gestigte Huis of Volk daadwerklik en voltyds nakom deur die Volk van die Waarheid/JaHshua-Woord te voorsien en om hulle behoeftige volksgenote daadwerklik by te staan en help om hul nood te verlig. Dit is hier waar die Dogter van Sion se Geloftes inkom beginnende met die Boek van Herinnering, asook die Gelofte om ons huis beskik-baar te stel vir noodlydende en hulpbehoewende volksgenote. Dit bring ons dan by 2019, waar 'n opdrag van Vader ontvang word om na Paardekraal terrein te gaan. Hier volg van die opdragte aan Sy Boereprofete in die Dogter van Sion.



Openbaring 85 aan Daniël Grobbelaar ontvang op 07/02/19 24H30 (slegs aanhaling)

*.....MY Dogter van Sion, en meer spesifiek spreek EK tot julle,* ***MY Boere-Gilgaliete****: Wees nie bevrees nie! Kyk NET op na MY en SIEN, HOOR en VOEL MY! MY Kneg Henog het na die Suide gereis en 'n geheim gesien. Dit moet julle nou verstaan: Nog ALTYD was EK met MY Boerevolk OOGAPPEL en nog ALTYD was EK getrou aan MY Beloftes wanneer julle MY aangeroep het en 'n Gelofte aan MY gedoen het vanuit julle LIEFDE-GEVULDE harte.*

*MY Dogter, EK het neergedaal op die Dag van Bloedrivier en julle het gesien! EK het neergedaal op die Dag van Gilgal en julle het gesien! EK lei julle na die finale Gelofte wat as verbinding ingesluit moet word in MY en julle EENHEID:* ***Die Dag van Paardekraal****! Die Oorwinning is gegee en julle Offer van Ons Sewe Dae Verbond het EK aanvaar; nog verdere Suiwering geskied en nog verdere inwyding is in werking om julle op te lei in GEES en WAARHEID vir die Tyd wat nou aanbreek. Wees nie bevrees nie en wees kalm op die see deur die golwe te gebied in MY NAAM. Vir julle wat weggedraai het en vir julle wat nog nie binne MY LIEFDESLAER VAN BARMHARTIGHEID EN VERLOSSING gekom het nie: EK NOOI JULLE UIT om julle harte finaal vir MY te offer, en hierdie, is voor die uitbreek van die Dodelike Oorlog en Natuurramp. Open julle oë en harte en ore, en LOS julle hardkoppigheid en neem MY LIEFDE op en LOOP in LIEFDE op MY Weg van Ewige LEWE!*

*MY Dogter, MY Oogappel: EK het MY Kneg vanaand deur 'n handbeweging na die volgende Skrif gelei en MY kneg sal dit hier-in plaas. Let op en wees paraat! Hoor wat die GEES aan die Gemeente sê. Luister na MY inspraak en HOU AAN SEËN!"*

*VADER het my, Daniel, gelei na die volgende vers:* ***Henog 36 Vers 1****:*

***"Daarvandaan is ek (Henog) na die Suide tot aan die eindes van die Aarde, en ek het Drie Poorte van die Hemele geopen gesien, en daarvandaan het dou, reën en wind gekom."***

*"Dit is vir eers genoeg vir nou MY kneg. Gaan rus in MY Stille Barmhartigheid. EK IS."*

<u>Bykomend uit die Boekrol van Henog:</u>

***Henog 77:1 DIE eerste kwartier word die Ooste genoem, omdat dit eerste is: en die tweede, die Suide, want die Hoogste El sal daar neerdaal, ja, daar in 'n besonder spesiale sin sal Hy wat vir ewig geseën is vir ewig neerdaal.***

Dus verteenwoordig die drie Geloftes wat afgelê is in die Suide aan die eindtyd, die drie Hemelse Poorte wat geopen is, oftewel drie Ligportale in Suid-Afrika waar-deur krag na Sy volk toegevloei het en waardeur oorwinning verkry was en nog by die Gilgalpoort verkry moet word. Ons het opdrag van Vader ontvang om 5 klippies (eienskappe in ons harte) op te tel en dit by die nuwe Paardekraal klipstapel neer te lê. (Die ou betaande klippe is deur die bygelowige Engelse verwyder in die Vaalrivier gegooi)

Hierdie vyf eienskappe wat ons moes uitban uit ons harte was:

1. Vrees
2. Vertwyfeling
3. Ongeloof
4. Slaperigheid
5. Verlatenheid

Deur hierdie kragtige wil in onsself op te werk moes ons na die klipstapel te Paardekraal gaan en die vyf klippe daar neerlê as 'n belofte dat ons hierdie eienskappe sou uitban uit ons harte ten einde met ons verlossingswerk te kon voortgaan by die Gilgal Klipwiel soos deur Vader verordineer in Sy Verbond met ons en ons Gelofte aan Hom.